
# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***



## Gereformeerde Kerk Noordrand

**24 April 2022**

---

**WELKOM BY ONS EREDIENS**

**EREDIENSTYD: 9:00** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Teksvers:** Hebreërs 10 : 19-25
**Boodskap:** Die vrug van Jesus se kruis + opstanding : VRYE TOEGANG!

## Eredienste : Noordrand YouTube kanaal

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Lidmate wat weens Covid-19 nie fisies hier kan wees nie, word uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens. Kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat '*Live*' wys: https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw.

## Kollektes : 13 Maart

- Diakonie
- GKSA Sustentasiefonds

## Teeskinkbeurte:

24 April: Duborette Louw; Johanna Hall; Marie Oosthuizen
1 Mei: Langnaweek geen tee
8 Mei: Elly Vlok-Blacquiere; Leatitia van Wyk; Annemarie Prodromau

# Meelewing

## Meelewing

John Lizamore is al meer as 5 weke in die hospitaal. Sy heup wat gekraak was herstel mooi. Hy het sy eerste rondte chemoterapie gehad wat gevolg word deur `n rusperiode van 21 dae. Hy moet drie rondtes chemo kry. Ons bid dat die Here die behandeling sal seën en dat Hy jou elke dag vrede en krag sal gee om die kruis te dra.

Jan du Plessis het Vrydag weer `n rondte chemo gekry. Toetse is gedoen om die uitwerking van die chemo te bepaal waarna daar oor verdere behandeling besluit sal word. Ons bid dat die Here jou behandeling sal seën. Ons dank Hom dat jou en ons lewenspad `n pad in sy hande is.

## Spesiale verjaardsdae

Ons wens oom Piet Ras hartlik geluk met sy 87ste verjaardag eerskomende Vrydag. Mag dit 'n geseënde dag en jaar wees.

## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**24 Apr:** Roehan Vermeulen
**27 Apr:** Karel Koelman
**29 Apr:** Piet Ras
**30 April:** Rina Kratz



Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## WYSHEID UIT SPREUKE

Spreuke 22:22 en 23

Moenie 'n arm mens te kort doen omdat hy arm is nie; moenie die hulpelose vertrap in die regsaak nie. Die Here sal hulle saak behartig en die wat hulle beroof, van die lewe beroof.

## *GEDAGTE VIR DIE DAG*

*Ek het GEWENS vir 'n goeie lewe – (niks verloop glad nie)*
*Ek het GEHOOP vir gesondheid –(maar ek is vol kwale)*
*Maar toe het ek GEBID, nie gewens nie, nie gehoop nie, net GEBID.*
*...en GOD gee my alles wat ek nodig het!*
***- Juwele uit die hart -***

## Kerk se Whatsapp nommer

Ons vra verskoning vir die kerk se whatsapp nommer wat nie tans werk nie. Ons is in die proses om 'n nuwe nommer te kry. Vir enige navrae na die kantoor toe kan lidmate Jeanne kontak op haar selfoon of 'n epos stuur na noordrandgk@gmail.com vir enige navrae.

## *Een keer was 'n doodloopstraat die regte straat*

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

Om op te eindig in 'n doodloopstraat, beteken jy het iewers verkeerd gery. Doodloopstrate is die verkeerde bestemming, as jy op pad is na 'n ander plek toe. Dit lyk of so-iets met Jesus in Jerusalem gedurende Paastyd gebeur. Hy beland daar in 'n doodloopstraat, letterlik! 'n Houtkruis versper Sy pad daar.

Maar wag, Jesus het nie verdwaal nie. Hy was steeds op die regte koers, daar aan die kruis. Sy roete het kruis toe geloop. Dit is daar waar die godsdienstiges van die dag finaal met Hom wou afreken. Jesus was net te uitdagend teenoor al hulle dooie rituele en wette. Boonop het Hy gesê Hy is die Seun van God en die Messias. Sulke opmerkings was in hulle oë die dood waardig. Daarom het 'n houtkruis Jesus in Jerusalem ingewag. Daar is Hy tot in die dood toe verneder. Daar is Hy van alle menswaardigheid gestroop. Tog is daardie einste doodloopstraat die regte straat. Daar het Jesus Homself prysgegee sodat ons almal kan leef. Die kruis van Golgota is die plek van genade. Daar verloor die dood en daar wen nuwe lewe, want 'n leë graf staan ook anderkant die kruis. Jesus se doodloopstraat is Sy lewensstraat. Prys die Here - nou is dit myne ook!

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**ADMIN BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Daniela Pretorius
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan